

"LAND" EN "VOLK" IN DEUTERONOMIUM

M.H.O. Kloppers

1. Inleidend

Die term "land" neem 'n baie belangrike plek in die boek Deuteronomium in. Trouens, dit is so 'n deurlopende tema dat die inbesitname van die beloofde land nie geïgnoreer kan word wanneer die boodskap van hierdie boek bepaal word nie. In hierdie artikel gaan die gegewens ten opsigte van die "land" versamel word en die belangrikste afleidinge bepaal word.

Maar ook die term "volk" beklee 'n prominente plek in hierdie boek. Uiteraard is dit 'n term wat in die Ou Testament 'n besondere inhoud het, en trouens ook in die verskillende tydperke wisselend hanteer is. Die term self, sowel as aanverwante terme sal dus ook in die boek Deuteronomium nader bepaal moet word, sodat die belangrikste inligting daarvoor na vore gebring kan word.

Die vraag wat uiteindelik in hierdie artikel aangesny word, is of en hoe hierdie terme met mekaar in verband staan? Is daar 'n besondere samehang tussen "land" en "volk"? Kry ons in Deuteronomium 'n uitbouing van die belofte aan Abraham in Genesis 17:8 waar "land" en "volk" besonder nou met mekaar verbind word? Van Selms maak die volgende belangrike opmerking by hierdie teks: "De belofte van nakroost is verbonden aan die van het bezit van Kanaän; het is geheel tegen de geest van het Oude Oosten om deze twee te scheiden, vgl. 12:7. Mensen zonder land 'leven' niet werkelijk, vgl. Ezechiël 37".¹⁾ Mag 'n mens hieruit 'n basiese en algemene beginsel aflei of het dit slegs 'n religieuse inhoud en betekenis?

Hierdie artikel maak nie aanspraak om volledige antwoorde te verskaf nie. Dit moet eerder gesien word as 'n stukkie verkenning met die oog op reaksie en verdere studie oor 'n saak wat moontlik mettertyd aktueel kan word.

2. Die terme "land" en "volk" afsonderlik beoordeel.2.1 Gegewens i.v.m. die term "land".

Dit is een van die terme wat 'n belangrike rol speel in die verstaan van Deuteronomium as 'n besondere eenheidsboek, want dit kom in al die dele van die boek as 'n deurlopende tema voor. Al sou 'n mens rekening hou met

moontlike "bronne" of "ontwikkelingstadia" in Deuteronomium, spreek dit nie mee in die bepaling van hierdie term nie.

Die "land" word hoofsaaklik aangedui deur die terme ha'ares en ha'^adamah. Daarnaas vind ons aanverwante terme soos "erfdeef", "erfenis", wat tot 'n mate in berekening gebring moet word, maar vir ons doel sal ons ons basies beperk tot die bogemelde terme vir "land".

In die bepaling van die gegewens rondom die term "land" gaan ons veral met drie verwysings wat daarmee verband hou, rekening hou: Eerstens die aanduiding dat die land "in besit geneem word", waarmee saamhang terme soos "erwe", "woon", "erfenis", ens. Tweedens die aanduiding dat die land deur die Here aan hulle "gegee" word, waarmee weer terme saamhang soos "oorbring", "inbring", "bring", "laat erwe", "as erfenis gee", ens. Derdens die aanduiding dat hierdie land deur die Here aan hulle voorvaders "beloof is", "met 'n eed beloof is", of die verwysing "soos Hy gesweer het", "soos Hy gesê het", "soos Hy beloof het", of selfs die verwysing "die God van julle vaders", ens.

Skematies word al die gedeeltes waarin die term "land" voorkom nou aangedui i.v.m. die drie bogenoemde verwysings wat daarmee verband hou:

1:8	- in besit neem	- gee	- met 'n eed beloof het
1:21	- in besit neem	- oorgee	- soos Hy gesê het
1:35	-	- gee	- met 'n eed beloof het
3:18	- in besit neem	- gee	-
3:20	- in besit neem	- gee	-
4:1	- in besit neem	- gee	-
4:5	- in besit neem	-	-
4:14	- in besit neem	- oortrek	-
4:21	- as erfenis	- gee	-
4:22	- in besit neem	-	-
4:26	- in besit neem	-	-
4:38	- as erfenis	- inbring	-
4:40	-	- gee	-
5:16	-	- gee	-
5:33	- in besit neem	-	-
6:1-3	- in besit neem	-	-
6:10	-	- inbring	- met 'n eed beloof het
6:18	- in besit neem	-	- met 'n eed beloof het
6:23	-	- gee	- met 'n eed beloof het
7:1	- in besit neem	- inbring	-

7:13	-	- gee	- met 'n eed beloof het
8:1	- in besit neem	- inkom	- met 'n eed beloof het
8:7-10	-	- bring/gee	-
9:4-6	- in besit neem	- inbring/gee	- gesweer het
9:23	-	- gee	-
9:28	-	- bring	- beloof het
10:11	- in besit neem	- gee	- met 'n eed beloof het
11:8-10	- in besit neem	- gee	- met 'n eed beloof het
11:11-17	- in besit neem	- gee	-
11:21	-	- gee	- met 'n eed beloof het
11:29	- in besit neem	- inbring	-
11:31	-	- gee	-
12:1	- in besit neem	- gee	- God van julle vaders
12:10	- erwe	- laat erwe	-
(12:29	- die nasies word verdrywe sodat hulle in die land kan woon)		
15:4	- in besit neem	- as erfenis gee	-
15:7	-	- gee	-
17:14	- in besit neem	- gee	-
18:9	-	- gee	-
19:1,2	- in besit neem	- gee	-
19:8-10	- erfenis	- gee	- met 'n eed beloof het
19:14	- in besit neem/erfdeel-	- gee	-
21:1	- in besit neem	- gee	-
21:23	- erfenis	- gee	-
24:4	- erfenis	- gee	-
26:1-3	- in besit neem/ erfenis	- gee	- met 'n eed beloof het
26:9,10	-	- gee	-
26:15	-	- gee	- met 'n eed beloof het
27:2,3	-	- gee	- beloof het
28:8	-	- gee	-
28:11	-	- gee	- met 'n eed beloof het
28:21	- in besit neem	-	-
28:52	-	- gee	-
28:63	- in besit neem	-	-
(29:27	- die toorn van die Here word teen die land ontvlam)		
(29:28	- hulle word uit die land uitgeruk)		
30:5	- in besit neem	- bring	-
30:16	- in besit neem	-	-

30:18	- in besit neem	-	-
30:20	- woon	- gee	- met 'n eed beloof het
31:7	- erwe	- gee	- met 'n eed beloof het
31:13	- in besit neem	-	-
(31:16	- die volk sal die vreemde gode van die land aanhang)		
31:20	- woon	- inbring/gee	- met 'n eed beloof het
31:21	-	- inbring	- met 'n eed beloof het
31:23	-	- inbring	- met 'n eed beloof het
(32:43	- versoening word gedoen vir die land en volk)		
32:47	- in besit neem	-	-
32:52	-	- gee	-
33:28	- gaan woon	- "veilig"	-
34:4	-	- gee	- met 'n eed beloof het ²⁾

2.2 Afleidinge i.v.m. die term "land"

Daar is slegs vyf skriftuurplekke waar nie een van hierdie verwysings direk voorkom nie, maar selfs daar staan dit in die breër konteks daarmee in verband. Ons sou dus die volgende afleidinge kan maak:

2.2.1 Die land is 'n gave van die Jahwe aan sy volk. Von Rad lê ook met reg klem op die feit dat die beloofde land Jahwe se land is ³⁾. Trouens, dit is 'n gegewene dwarsdeur die Ou Testament, dat alles, en daarom ook die land, aan die Here behoort. Hy stel die grense vas, Hy bepaal die grootte en die vrugbaarheid daarvan. Omdat Hy dit gee, mag Hy dit ook neem, of sy oordeel daarvoor uitgiet.

2.2.2 Die land word aan die volk gegee om te besit, om "met die hande vas te gryp", "in die hande te neem". Alhoewel hierdie "besit neem" relatief is, en in samehang met die vorige afleiding gelees moet word, word die beloofde land die volk se land ⁴⁾, wat hulle erwe, waarin hulle woon, wat hulle besit as die ruimte waarin hulle werklik kan "leef".

2.2.3 Die land dra 'n sekere naam, wat reeds in die belofte aan die voorvaders na vore kom (vergelyk o.a. Gn. 12:7; 17:8; 46:4; 48:21, 22; 50:5, 24vv; Eks. 3:8,17, ens.).

Daarom is die land, die beloofde land, die vervulling van die belofte van God, waarin 'n deel van die opdrag en belofte aan Abraham gerealiseer word⁵⁾.

- 2.2.4 Omdat die land 'n gawe is, en reg besit moet word, bring dit 'n geweldige verantwoordelikheid mee. 'n Mens sou 'n belangrike aspek van Deuteronomium se boodskap kon uitlig in die opdrag om die land verantwoordelik te besit. Die kerngedeelte van Deuteronomium (12-26) sou 'n mens ook in verband kon bring met die verantwoordelike woon in die land.

- | | |
|------------|--|
| 12:1a | - Opskrif en inleiding. |
| 12:1b | - Die inbesitneming van die land as vooruitsig. |
| 12:2-25:19 | - Wetkode of stipulasies t.o.v. die verantwoordelike woon in die land. |
| 26:1-15 | - Belydenis as gevolg van hierdie inbesitneming van die land. |
| 26:16-19 | - Slot: Verbondsluiting, wat juis die woon in die land sinvol maak ⁶⁾ . |

Dit is juis hierdie verantwoordelikheid wat die angswekkende moontlikheid van die oordeel en selfs die verlies van die land in vooruitsig stel.

2.3 Gegewens i.v.m. die term "volk"

Direkte gegewens t.o.v. hierdie term is nie so volop soos dië van "land" nie. Daar moet egter met die volgende feite rekening gehou word:

Die adres van hierdie boek, en die toesprake daarin, is die volk van die Here, of "Israel", of "die kinders van Israel" (vgl. o.a. Dt 1:1, 3; 4:1; 44; 5:1; 6:4; 9:1; 27:1; 29:1; 2; 31:1; 22; 23; 33:1). Die volk word dus veronderstel in hierdie onderwysing uit die geskiedenis, en die verordeninge van God.

Daarnaas moet rekening gehou word met die nakroosbelofte wat ook in Deuteronomium uitgelig word as iets wat gerealiseer het en steeds verder kan realiseer. Dit word tuisgebring onder die terme "nakroos", "nageslag", "vermenigvuldig", "grootliks vermeerder", ens. (Sien o.a. Dt 1:8; 11; 4:40; 6:3; 7:13; 8:1; 11:9; 21; 23; 13:17; 28:63; 30:5; 16; 34:4).

Tog is daar enkele plekke waar die term "volk" (^cam) of "eiendomsvolk" (^cam s^egullah) voorkom, en self die term "nasie" (goy) kom 'n enkele keer voor. Dié betrokke skrifgedeeltes word nou uitgelig en die besonderhede daarvan kortliks opgesom:

7:6,7: Die volk is heilig aan die Here, hulle God. Hulle is uit al die volke van die aarde uitverkies om die Here se eiendomsvolk te wees. Dit gebeur ten spyte van die feit dat hulle die geringste onder al die volke is.

9:3-6, 13: Israel ontvang die gawe van 'n land, nie vanweë hulle geregtigheid nie, intendeel, ten spyte van die feit dat hulle 'n hardnekkige volk is.

9:23-29: Ten spyte van die feit dat hulle wederstrewig is, bid Moses vir hulle tot die Here: Hulle is tog u volk en u erfdeel.

10:11: Opdrag word gegee om voor die volk uit verder te trek, om die land in besit te neem.

14:1,2,21: Israel as kinders van die Here is 'n volk heilig aan die Here, sy eiendomsvolk, en 'n heilige volk aan die Here.

26:5: Israel is 'n groot, magtige en talryke nasie.

26:15: Die seën van die Here word afgebid op "u volk Israel".

26: 18,19: Israel is 'n eiendomsvolk, en 'n heilige volk.

27:9: 'n Besondere uitspraak: Wees stil en luister, o Israel! Vandag het jy die volk van die Here geword.

28:9: Die Here bevestig hulle as 'n heilige volk vir Hom.

29:13: Die vernuwing van die verbond vind plaas sodat die Here "vandag" vir Israel as volk kan bevestig.

31:7,16: Oor die algemeen word van Israel gepraat as hierdie volk.

32:8,9: In die lied van Moses word 'n belangrike uitspraak gemaak: Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel. Want die Here se deel is sy volk, Jakob is sy afgemete erfdeel.

32:43: Die nasies word opgeroep om te jubel oor sy volk, vir wie daar versoening gedoen sal word.

2.4 Afleidings i.v.m. die term "volk"

Twee afleidings kom hier na vore:

- 2.4.1 Met Israel word rekening gehou as 'n volk onder volke, en 'n volk soos ander volke. In die mees algemene terme word na hulle verwys as die geringste van al die volke (7:7), 'n hardnekkige volk (9:6), die volk (10:11), 'n nasie (26:3), hierdie volk (31:7,16), 'n deel van die nasies aan wie 'n erfdeel toegeken word (32:8). Die term "volk", selfs in verband met Israel, het dus ook 'n basiese betekenis in die gewone sin van die woord.
- 2.4.2 Die sterkste klem in Deuteronomium is egter op die feit dat hulle as volk in 'n besondere verhouding tot God staan, deur Hom uitverkies is (7:6; 14:2), sy volk is (9:26,29; 26:15; 27:9; 29:13; 32:9, 43), sy eiendomsvolk (7:6; 14:2; 26:18), sy erfdeel (9:26, 29; 32:9) en 'n heilige volk is (7:6; 14:2, 21; 26:19; 28:9). So kry die term 'n bepaalde religieuse inhoud as die uitverkore volk van God ⁷⁾, met 'n besondere verantwoordelikheid en opdrag. Dit is 'n status wat toegeken word en ook "verloor" sou kon word.

3. Die terme "land" en "volk" in samehang met mekaar.

3.1 Bepaling van die gegewens.

Met die hele inhoud van die boek moet rekening gehou word by die bepaling van die boodskap van "land" en "volk". Al die gegewens wat dus reeds onder aandag gekom het, sou by die gevolgtrekkings in berekening gebring moet word. Tog word enkele perikope uitgelig omdat al die gegewens op 'n besondere wyse daarin bymekaar gebring word:

7:1-8: Die perikoop word ingelei met die stelling dat die Here hulle gaan inbring in die land wat hulle in besit gaan neem en waaruit ander nasies verdryf gaan word om vir hulle lewensruimte te skep. Dit bring die verantwoordelikheid mee om alle afgodediens in die land, wat hulle as gawe ontvang, te vernietig. So moet hierdie land, as hulle lewensruimte, 'n sekere karakter kry. Die perikoop word afgesluit met die stelling dat hulle 'n volk is, heilig aan die Here, dus afgesonder om die Here se eiendomsvolk te wees, wat saamhang met die belofte aan die aartsvaders met 'n eed, en die wonder van die verlossing uit Egipte.

Dit is belangrik om daarop te let dat die meeste van die elemente wat uitgelig is i.v.m. die term "land" hier voorkom. Dit moet gelees word in samehang met die stelling dat hulle "h volk" is wat in 'n besondere verhouding tot die Here staan.

9:1-29: Die volk word hier aangespreek t.o.v. die feit dat hulle oortrek om 'n land in besit te neem wat aan ander nasies behoort het. Hierdie lewensruimte word egter nie aan hulle gegee op grond van enige verdienste nie, want hulle is 'n hardnekkige en wederstrewige volk. Hierdie gawe word ontvang op grond van die feit dat die Here genadig is en sy beloftes, met 'n eed aan die aartsvaders gemaak, hou. Daarom is hulle verlos uit Egipte en het Hy hulle sy volk en sy erfdeel gemaak.

10:11: In hierdie enkele vers word al die belangrikste aspekte i.v.m. "land" en "volk" saamgebind. Die land word gegee om in besit te neem, op grond van die eed aan die aartsvaders. Die volk is dus besondere begunstigdes.

26:1-19: Hierdie perikoop word ingelei met die stelling dat die belofte van 'n land in vervulling gaan as 'n gawe van die Here. Dit mond dan uit in die belydenis wat die volk self moet uitspreek, waarin hulle hulle verlossing bely, en die gawe van 'n land erken deur die bring van die eerstelinge van die oes van die land. Die perikoop word afgesluit met tipiese verbondsterminologie waarin die band tussen die Here en sy eiendomsvolk in hierdie land uitgespel word.

27:1-9: In hierdie perikoop word ook sekere handelinge beskryf waardeur die gawe van die land erken word, en die verhouding tot die Here bely word. Dit moet uitkom in die plasing van die klippe op die berg Ebal waarop die wet van die Here aangebring word, en die altaar wat vir die Here gebou word. Die perikoop word afgesluit met die appél van Moses en die Levitiese priesters aan die volk: Vandag het jy die volk van die Here geword.

28:8-11: As deel van die seën en vloek wat in hierdie perikoop uitgespreek word, word die feit dat hulle God se heilige volk is, verbind aan die feit dat die Here aan hulle 'n land gegee het om in te woon (kragtens die eed aan die voorvaders) met allerlei seëninge wat veral sigbare gestalte kry in die vrugte van die land.

29:9-29: In die vernuwung van die verbond met die Here, word dit opnuut bevestig dat hulle die volk van die Here is op grond van die belofte aan die voorvaders. Die verwysing na die "land" is hier negatief van aard, in dié sin dat in vooruitsig gestel word dat weens die afvalligheid van latere geslagte, hierdie volk uit hulle land uitgeruk sal word.

31:3-8: In die afskeidswoord van Moses, word die land weer aangedui as h' besondere besitting op grond van h' besondere belofte. Die belangrikste elemente word saamgebind in die opdrag aan Josua: Wees sterk en vol moed, want jý sal met hierdie volk in die land ingaan wat die Here aan hulle vaders met h' eed beloop het om aan hulle te gee; en jý sal hulle dit laat erwe (vs 7).

31:16: In die aankondiging van die afval van Israel, word "hierdie volk" se sonde juis in verband gebring met "die vreemde gode van die land waarheen hulle gaan".

32:8-14: Hierdie perikoop wat uit die "Moses-lied" kom, is baie belangrik vir ons doel. Eerstens word hier duidelik gekonstateer dat elke nasie h' erfdeel ontvang, en die landsgrense sodoende vir elke volk bepaal word. Elke volk ontvang dus h' ruimte waarbinne hulle kan "leef". Tweedens word gesê dat ook Israel se grense vasgestel is, en hulle ook h' land as lewensruimte ontvang. Derdens kom die belangrike stelling dat hierdie waarheid saamhang met die feit dat die Here se deel sy volk is, Jakob sy afgemete erfdeel. Die getal van hierdie volk het dus nie net die grootte van hulle eie land bepaal nie, maar ook dié van die ander volke.

32:43: In die "Moses-lied" word ook gesing van die uiteindelijke herstel van hierdie volk, en word hierdie twee begrippe langs mekaar geplaas: Hy sal wraak oefen op sy teëstanders en versoening doen vir sy land (en) sy volk⁸⁾.

33:27-29: Die "Mosesseën" word afgesluit met hierdie drie verse waarin enkele belangrike stellinge voorkom: God is vir hulle h' woning. Hy het h' ruimte vir sy volk geskep deur die vyand te verdryf. Dit beteken dat Israel veilig kan woon in h' land van koring en mos. Dit mag beleef word deur Israel, wat welgeluksalig genoem word omdat hulle h' volk is wat deur die Here verlos is, die Een wat hulle in alle nood bystaan.

3.2 Gevolgtrekkings

- 3.2.1 Uit hierdie perikope sou wel afgelei kan word dat deel van die boodskap van Deuteronomium is dat 'n volk en 'n land bymekaar hoort. Dit is deel van God se seëninge aan en sy bedoeling met volke, want so skeep Hy 'n ruimte waarbinne 'n volk werklik kan leef. Van Selms se aantekening by Gn 17:8⁹⁾ kry 'n sekere bevestiging en dimensie in die wyse waarop die waarheid in Deuteronomium uitgebou word dat 'n volk alleen werklik kan leef as hy 'n land het.
- 3.2.2 Dit is deel van God se plan met alle volke, en so pas ook sy volk binne hierdie algemeen geldende reël in. In hierdie opsig het die gawe van 'n land aan Israel 'n algemeen geldende boodskap en waarheid.
- 3.2.3 By Israel kom daar egter 'n bepaalde religieuse element by, wat daarin bestaan dat hulle die Here se eiendomsvolk is, met wie Hy 'n verbond aangaan. Binne hierdie verbondsbelofte ontvang die beloofde land 'n nuwe dimensie¹⁰⁾. Hierdie stelling sou dus ook i.v.m. die ontvouing van die teologiese waarhede deur die Ou Testament en die hele Bybel heen, uitstyg bokant die beskrywing van 'n bepaalde volk binne 'n bepaalde land.
- 3.2.4 Die religieuse element beklemtoon enkele belangrike sake: Israel is 'n heilige volk, of 'n heilige nasie (Eks 19:6)¹¹⁾, afgesonder vir 'n bepaalde taak en roeping. Hulle bestaan en voortbestaan in hierdie Godgegewe lewensruimte het verantwoordelikheid en roepingsbewustheid geverg¹²⁾.
- 3.2.5 Hierdie verantwoordelikheid en roeping het ook die dreiging ingehou dat hulle die beloofde land kon verloor en dat die staat Israel vernietig kon word.
- 3.2.6 Omdat hulle as volk nie net 'n bloedgemeenskap was nie¹³⁾ en volk dus ook meer is as net 'n etniese entiteit, sou hulle ook in hulle bestaan daarmee moes rekening hou. Waar Israel egter meer as net polities, of kultureel, saamgebind is en as 'n religieuse gemeenskap hulle diepste eenheid gevind het, sou dit die deurslaggewende faktor bly.
- 3.2.7 Juis vanweë hierdie dieper eenheidsband, was dit moontlik dat Israel kon voortbestaan toe die staat Israel vernietig is, en die beloofde land hulle ontnem is¹⁴⁾.

- 3.2.8 Tog moet die vorige stelling altyd in samehang met die hoop en die belofte op herstel gesien word. Die ideaal sou dus steeds bly: "Land" en "volk" in samehang met mekaar, as lewensruimte en lewensinhoud.

NOTAS

1. A. van Selms, Genesis Deel I (in Prediking van het Oude Testament), Nijkerk ²1973, 234.
2. Vgl. ook A.R. Hulst, "Opmerkingen over de ka'aser-zinnen in Deuteronomium", Nederlands Theologisch Tijdschrift vol 18/5 (1964), 337-361.
3. G.von Rad, "Verheissenes Land und Jahwes Land im Hexateuch", in Gesammelte Studien zum Alten Testament, München 1958, 87-100; Vgl. ook P.D. Miller, "The Gift of God, the Deuteronomic Theology of the Land", Interpretation vol. 23 (1969), 451-465.
4. Vgl. W.C. Kaiser (jr), Toward an Old Testament Theology, Grand Rapids - Michigan 1978, 124 vv.
5. Th. C. Vriezen, Hoofdpijnen der Theologie van het Oude Testament, Wageningen ⁵1977, 58 vv, 403.
6. M.H.O. Kloppers, h Kritiese evaluering van die moderne navorsing oor Deuteronomium, Stellenbosch (D.Th. dissertasie - ongepubliseer) 1979, 148. Vgl. ook J.G. Ploger, Literarkritische, formgeschichtliche und stilkritische Untersuchungen zum Deuteronomium, Bonn 1967, 60-129.
7. Vgl. R.E. Clements, Gods Chosen People. A Theological Interpretation of the Book of Deuteronomy, London 1968.
8. Die LXX en Vulgaat gee dit weer met: die land van sy volk.
9. Van Selms, a.w., 234.
10. Vgl. Kaiser, a.w., 125; W. Eichrodt, Theology of the Old Testament, Vol. 1. London 1961, 40, 439.
11. Vgl. Kaiser, a.w., 110.
12. Vgl. Vriezen, a.w., 405 vv; P.A.H. de Boer, Gods Belofte over land en volk in het Oude Testament, Delft 1955, 35-38; L Rost, "Die Bezeichnungen für Land und Volk im Alten Testament", in Das Kleine Credo und andere studien zum Alten Testament, Heidelberg 1965, 76-101.
13. Vriezen, a.w., 403 vv.
14. Vriezen, a.w., 404.